# BEGINVRAE IN DIE FILOSOFIE

P.G.W. DU PLESSIS, *Dept. Filosofie, RAU*

*ABSTRACT*

*The issue about whether Philosophy has become redundant in our time constitutes one of the initial or beginning issues in Philosophy. Philosophy, which is, broadly speaking, one of the humanities, is not and may not be a product of socio-economic relations. When these disciplines concede that they have become encapsulated in the existing order and that therefore they wish to continue the status quo without a dynamic revision and reformation, they deserve to be declared redundant. Philosophy and the humanities will only regain a leading position when, in the light of the various qualities of being human, alternative choices are investigated.*

Die vraag of die Filosofie in ons tyd oorbodig geword het, is een van die talle beginvrae in die Filosofie. Hiermee, en met ons antwoorde hierop, stig ons verdere filosofiese arbeid — ten goede en/of ten kwade.

Graag neem ek u op 'n denktoer oor vrae in verband met die uniekheid en die afhanklikheid van die filosofiese arbeid.

Die bedoeling is tweërlei: om 'n beter insig te kry in die unieke aard van die Filosofie en in sy onontwykbare buitefilosofiese verbande. Die kern van die probleem is nou: langs watter weg word hierdie insig verkry? My betoog wys twee rigtings van die hand. Ek gaan nie die non-neutraliteit van die denke deklameer nie en ek gaan die verbondenheid van die denke ook nie probeer bewys nie. Om 'n beter insig in die verbondenheid van die denke te verwerf sal ons mos ook moet filosofeer oor die vraag hoe dit moontlik is om so 'n deklamering te doen of om so 'n bewys te kan lewer. Intussen ontstaan die Filosofie ook daar waar die vraag hoe die mens tot selfverstaan kan kom, behandel word.

Die vraag na die oorbodigheid van die Filosofie loop parallel met onlangse vrae of geesteswetenskaplikes in die lig van die vraag en aanbod nie miskien minder betaal moet word as hulle kollegas in die ekonomiese, natuurweten-skaplike en ingenieursfakulteite nie. Om die vraag na die oorbodigheid van die Filosofie uit te bou gee ek laastens 'n filosofiese antwoord op argumente wat stel dat die sg. geesteswetenskappe of kultuurwetenskappe, wo. die Filosofie ook tel, 'n onnodige luukse is wat nie tans in Suid-Afrika geduld mag word nie.

**Koers, 47(2) 1982**

Die vraag na die begin van filosofere, resp. Filosofie, is seker een van die mooiste illustrasies dat die Filosofie in 'n tydelike afhanklikheid bestaan en tog nie in sy relasies opgaan nie.

Maar wie gee geboorte aan die Filosofie — die verband of hyself? Is die verband voorwaarde of resultaat van Filosofie?

Blaai ons deur ou en nuwe handboeke oor die geskiedenis van die Filosofie, is dit nogal algemeen om die volgende tipe antwoord te lees:

Juis toe daar 'n breuk met die mites en vaste oortuigings gekom het, juis toe aanvaarde waarhede bevraagteken is, juis toe daar ontkoppeling van die tradisie gekom het, juis toe die kritiese sesuur verrig is, juis toé het die egte Filosofie ontstaan.

Filosofie bestaan dan in en deur vrae wat telkens die einde van 'n tradisionele antwoord aankondig en 'n nuwe begin van soeke inlui.

Die uniekheid van die Filosofie word tradisioneel pertinent aan die denkende vraagstelling versus gewoonte, versus vertroue, versus mite gekoppel.

As vernuwing in egte filosofiese denke, as kritiese denke gestrem sou word deur die konserverende karakter van oorgelewerde geloof en tradisionele kennis, dan lyk dit vir my dat die begrip van "'n tradisie van kritiese denke" self 'n kontradiksie is.

Die filosofiese denke is nie uit homself krities of selfs onkrities nie. Die filosofiese denke is krities of onkrities vanuit 'n geloof aan die kritiese vermoë van die filosofiese denke en vanweë 'n onkritiese denke oor die kritiese denke.

Selfkritiek is moontlik as die filosofiese denke vooraf 'n buitefilosofiese bereidheid tot selfkritiek of selfs deur 'n eksistensiële twyfel aan sy sisteem gepak word. Dit het Karl Jaspers en Karl Popper ingesien toe hulle 'n verrassende bereidheid geopenbaar het om hulle eie filosofie saam met sy grondbeginsel dat alles oop is vir kritiek, ook onder kritiek te laat deurloop. Die redelike teorie is dus nie die einde van alle teenspraak nie.

En hiermee stuit ons op 'n meer as logiese teenstrydigheid in die filosofiese denke van 'n Jaspers en 'n Popper. Die openheid vir kritiek is self geen redelik logiese saak nie; en tog is dit juis ons filosofiese denke wat met 'n strenge logiese en metodiese tug/dissipline bogenoemde analises en sinteses en gevolgtrekkings maak.

Afgesien van bovermelde kritiek teen Jaspers en Popper moet ons daarop wys dat hulle filosofie vir ons waardevol is in die opsig dat hulle self illustreer hoedat hulle strenge filosofiese beredenerings van hulle geloof aan hulle grondbeginsel afhanklik is. Die Filosofie het nie aan homself genoeg ter eie uitleg nie. Geen filosoof kan sy eie voldoende rede/grond verskaf nie.

'n Lastige vraag is nou: Is bogenoemde poging van my nie uitgereken 'n pragtige voorbeeld van selffundering nie? Ek is tog die hele tyd besig om al filosofies redenerend analises te gee en kritiek te lewer. Waarkragtens kan ek so filosofeer?

Bostaande poging is moontlik op grond van die oortuiging dat niks in die werklikheid as absolute hegtingspunt kan dien nie, dat daar 'n inherente dinamiese samehang tussen Filosofie en nie-filosofiese sake bestaan. Anders gestel: My Filosofie kom op gang veral omdat ek oog het vir die kreatuurlike en betreklike en ordelike samehangende verskeidenheid in die skepping.

Rasionaliste en Idealiste wat sê dat die denke sy eie voldoende grond moet verskaf, handhaaf dat die wêreld in die bewussyn vervat is. Stoker het dit in een van sy juweelgeskrifte as "die slakkehuisteorie van die bewussyn" bestempel. Die kritiek van Eksistensiefilosowe en Marxiste op Descartes se *cogito* is dat die *cogito* vals is as dit ons vervlegting met die wêreld wil ophef.

In die Marxisme word gestel dat die bewussyn vanuit die syn begryp moet word. Filosofie, geskiedenis en kultuur en die geesteswetenskappe is nie uitvloeisel van bewussynsprosesse nie; dit is resultaat van daardie daad waardeur die mens homself onderskei van die natuur, t.w. sy arbeid. Filosofiese idees is regstreeks aan die materiële werksaamheid (= praktiese verhoudings) van mense verbind.

Die mens is ryker uitgemeet as slegs 'n *home rationalis* of 'n *res cogitans*, 'n teoretiserende wese. Daarom verbind die Eksistensiefilosofie die mens aan die wêreld, sodat sy reflektiewe akte as 'n funksie van sy syn-in-die-wêreld gesien word. Daarom dat liggaamlikheid 'n prereflektiewe en praktiese toegang tot die wêreld en die medemens en tot die Filosofie verskaf. Al doende eksisteer die mens, skep hy vryheid, homself, sy kultuur en Filosofie.

Maar Marxiste en Eksistensiefilosowe vergeet dat die mens geen arbeid of eksistensie kan skep sonder dat o.a. sy denkaktiwiteit/bewussyn daarby 'n medespeler is nie. Natuurlik kan filosofiese denke nie sonder sweet en sonder liggaam verrig word nie. Hier het Marxiste en Eksistensiefilosowe wel 'n boodskap vir ons studente. Maar die boodskap bly hipokrities. Want dit is

nooit 'n swoeg en laat wakkerbly sonder om te dink, te peins, te redeneer, gedagtes in woorde te wissel, norme te formuleer, ja, sonder om oor die voeë van die werklikheid diskoers te voer nie. Hier het die Christelike Filosofie 'n goeie boodskap vir ons studente: Dink en doen loop saam.

Geen menslike daad is sonder sy rasionaliteit of beredeneerbaarheid nie. Dat ons oor ons dade kan dink, selfs by nabaat dit grootliks kan motiveer, is ook moontlik omdat ons dade beredeneerbaarheid besit, redelik analiseerbaar en be-denklik is. Die universaliteit van die redelikheid maak die mens en wêreld om ons op 'n beperkte skaal deursigtig.

Die vraag: Waar begin Filosofie en waar eindig dit? hou ook verband met die integrasie tussen alledaagse lewenspraktyk en esoteriese filosofiese teorie.

Al wil hy opsetlik 'n anti-praktiese of selfs 'n a-praktiese houding inslaan, het hierdie filosofiese teorie homself daarmee op een of ander wyse aan en ten opsigte van die praktyk georiënteer; meer nog: dit is dikwels 'n spesifieke praktiese en buitefilosofiese aangeleentheid waarop die Filosofie bg. afwerende antwoord opstel.

As 'n Habermas in *Theorie und Praxis* op filosofies beredeneerde wyse aantoon dat die Marxistiese filosofie op grond en inhoud van die Filosofie buite homself in die materie resp. geskiedenis gesoek het, dan kom ons voor 'n reeks ingewikkelde en belangrike beginvrae en ontdekkings in die Filosofie te staan.

Eerstens: Wie toon aan dat die Filosofie homself nie kan fundeer nie? Die filosoof doen dit! Dan is dit mos 'n kragtoer waarin hy sy afhanklikheid van buite-instansies op beredeneerde wyse kan demonstreer.

Is hierdie kragtoer moontlik sonder die mens, wat tog baie meer as net sy denkvermoë is? Die mens is immers daar voor die Filosofie en die Antropologie? Soos die woordeboek agter die taal aanloop, so loop ons kenteorie agter die kenprosesse aan. Op Pascal se manier gesê: Die hart het sy redes wat nie deur die rede gevorm kan word nie; anders gestel: die meeste handelings geskied sonder nadenke en beredenering en altyd saam met voorreflektiewe kennis. Ons redelikheid/rasionaliteit is soos ons ruimtelikheid en ons sedelikheid 'n bestaanswyse waarsonder ons nie kan klaarkom nie.

Om hierdie belangrike ontdekking in filosofiese taal te kan formuleer dui ook daarop dat die taal 'n afhanklikheidsgrond van die filosofiese denke uitmaak. Filosofie ontstaan ook daar waar die denke hom rekenskap gee van sy afhanklikheid van taal. Denke oor taal is ook afhanklik van denke in taal.

Weer kan u vra: Maar laasgenoemde insig is tog 'n prestasie van die reflekterende filosofiese denke? My antwoord is: Om laasgenoemde ontdekking te kan doen veronderstel 'n redelikheid en segbaarheid wat aan die teoretiese rasionaliteit en teoretiese terme voorafgaan.

Hoe meer die filosoof insig in die uniekheid van die filosofiese denkkrag verwerf, hoe dieper sink hy in die buitefilosofiese voorwaardes vir sy denkprestasies. 'n Rasionele bewus word van my eie teoretiese vermoëns gaan gepaard met my onvermoë om my hele bestaan na teoreties rasionele kaders te herlei. Wetenskap is 'n menslike aangeleentheid; die mens is nie 'n wetenskaplike fenomeen nie.

Dat bogenoemde denkweg afgelê is, is ook al teken van die breuk tussen Filosofie en die buitefilosofiese lewenspraktyk. Al veronderstel filosofiese refleksie al die genoemde voorwaardes, kan ons dit nie volledig daarheen herlei nie. Die Filosofie is tog nie 'n deterministiese uitkoms van faktore buite die vak om nie. Dit ontstaan juis as Filosofie binne 'n eie normatiewe struktuur. Die Filosofie as unieke prestasie van die mens toon dat dit nie aan historiese of materiële omstandighede uitgelewer is nie. Die Filosofie se kragtoer is hier eerder 'n herskepping van sosiaal-ekonomiese verhoudings en die alledaagse praktyk.

Ons huidige kultuursituasie met sy materialisme, utilisme en tegnokrasie herlei die mens en sy Filosofie tot sosiaal-ekonomiese verbande en belange.

Daarmee erken die mens van ons dag dat ons bestaan aan die diktatuur van die beroepswêreld en die geldmag uitgelewer is. Maar hiermee maak ons huidige kultuur dit vir homself moeilik om die weg van voortdurende vernuwing te bewandel. Hiermee word die menslike bestaan met sy rykdom van betekenisse en sy surplus aan oorspronklikheid verskraal tot barre sosiaal-ekonomiese prosesse.

Met my Filosofie kan ek wel my brood verdien, maar Filosofie is daarmee nog nie identies aan brood en trane nie. As Filosofie volledig met die wêreld van die liggaam en die stof saamgeval het, dan was dit ook oorbodig.

Filosofie is egter geen (en mag ook geen) produk van maatskaplik-ekonomiese verhoudings (wees) nie. Filosofie het 'n ander oorsprong en inhoud as enkel prakties stoflike behoeftes. Wanneer ons oor ons daaglikse brood en hoop filosofiese vrae formuleer, het ons reeds 'n bepaalde afstand daaromtrent verkry. Hierdie afstand skep 'n brugfunksie tussen mense in verskillende kultuurhistoriese, politieke en ekonomiese situasies. Vryheid, dood, waarheid, reg, teorie, verandering, wet — dit is alles brandende kwessies wat in baie tye en omstandighede voer vir filosowe bied.

Selde was daar so 'n gulde geleentheid soos tans vir die Filosofie om 'n unieke bydrae te maak ten opsigte van heersende vraagstukke in die Suid-Afrikaanse kultuur. Hierdie unieke bydrae sal ook daarmee rekening moet hou dat die Filosofie hom tans in die lekkende bootjie van die kultuurwetenskappe bevind.

Filosofie is breedweg gesproke een van die sg. kultuurwetenskappe of sg. geesteswetenskappe wat die mens, sy gedrag, sy wêreld en sy kultuurwerke bestudeer. Hierdie groep wetenskappe word ook menswetenskappe genoem. Menswetenskappe handel oor die *condition humain*, die menslike situasie en sy verknorsings. Die menswetenskappe het by uitstek die taak om ons oor die kwellings en moontlikhede en grense van ons eietydse menswees in te lig. Die mens en sy gedrag en wat hy alles tot stand bring, is sekerlik een van die aktueelste en boeiendste en onontwykbaarste studiegebiede.

Die geesteswetenskappe is nie 'n onnodige luukse of 'n onwenslike onproduktiewe groep wetenskappe op Suid-Afrikaanse bodem nie. 'n Studie in die menswetenskappe is lewensnoodsaaklik vir 'n behoorlike verstaan en hantering van energieprobleme, besoedelings-, behuisings- en arbeidsprobleme. Genoemde probleme en ook baie ander heersende kwessies in ons land, soos die verkeersproblematiek, natuurlike hulpbronne, mediese versorging, kan nie van die geestelike kwaliteite van menswees losgemaak word nie. Die belangrike vrae oor die kulturele gehalte van sport, arbeid, tegniek, ekonomie, onderwys in ons land is juis menswetenskaplike vrae. Ons het opgeleide werkers in die menswetenskappe nodig om hierdie vrae aan die orde te stel en na te vors en daarop te handel. Bevolkingsgroei, behuising, energievoorsiening, voedselproduksie en so baie kwessies in die wêreld rondom die mens kan nie sonder kennis van ideologie, moraliteit, reg, kultuur, politiek, kuns aangepak word nie.

Wapenwedloop, volksgesondheid, sensuur, begeerte na welvaart, strewe na vrede, behoefte aan sekuriteit — dit alles skree om die aandag van die mens-en kultuurwetenskappe.

Wanneer die geesteswetenskappe toegee dat hulle in die bestaande ekonomiese, tegniese en ander kulturele magte ingekapsel is, dan het dit onbelangrik en oorbodig geword.

Wanneer ons Filosofie, ons Volkekunde, ons Sosiologie, ons Sielkunde, ons Opvoedkunde, ons Kunsteorie die bestaande orde wil kontinueer en nie dinamies wil hersien en reformeer nie, verdien hierdie wetenskappe om oorbodig verklaar te word. As dit gedikteer word deur die heersende sosiaal-ekonomiese en tegnologies-kulturele opset waarteen dit weinig vernuwende kritiek wil inbring, word die geesteswetenskappe slegs 'n diensfunksie aan die natuurwetenskappe, die tegniek en die ekonomiese wetenskappe toegesê. Hierdie diensfunksie is dan hoofsaaklik daarop ingestel om die bestaande situasies in die toekoms op kwantitatiewe skaal uit te brei.

Maar wanneer die Filosofie en die geesteswetenskappe alternatiewe keuses ondersoek in die lig van die verskeidenheid kwaliteite van menswees, dan herwin dit 'n leierskapsfunksie. Daar bestaan 'n groot behoefte aan geesteswetenskappe wat die student vir die dag van môre wil voorberei deurdat kritiese vrae oor 'n menswaardige toekoms en oor vormgewing aan die kwaliteite van ons bestaan as voorwaarde vir industriële bloei, vir wetenskaplike beheer en vir tegniese prestasies aangedurf word. Steeds moet die menswetenskappe in hulle teoretiese raamwerke die vraag aanpak of dit wat tegnologies en ekonomies moontlik is, ook moreel wenslik is. Want 'n Christelike Filosofie aanvaar nie die grondbeginsel van die materialisme dat stoflike welvaart 'n gelukkige samelewing waarborg nie; dit opereer eerder vanuit die beginsel van dankbaarheid vir 'n verlossing wat in Christus gewaarborg is.